

Dinsdag 24 Julie

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 4:1-21;
Eksodus 20:15**

**Fokusgedeelte: Matteus 5:28;
Heidelbergse Kategismus 42:110**

Nou is die beste tyd!

Prof. Paul de Bruyn verklaar in sy boek *Die Tien Gebooie* dat die eintlike bedoeling van hierdie gebod wat die Here ons gee, is dat 'n mens in die regte verhouding tot alle aardse besittings moet staan: dié van jouself en dié van ander mense.

Gedurig wanneer mense aan die gebod *Jy mag nie steel nie* dink, dan dink hulle in terme van ander mense se goed. Dit is nie gereeld dat mens beseft dat hierdie gebod jou ook beveel om nie jouself te ontnem van dinge wat jy het nie. 'n Mens moet 'n rent-meester of bestuurder wees van dit wat die Here aan jou toevertrou.

Ons teksgedeelte het in vers 7 duidelik gemaak dat alles wat 'n mens het, gawes van God is, en daarom is dit belangrik dat ons vandag weer so daarna kyk. Pas dit toe op jou tyd – aards gesproke een van die mees waardevolle en beperkte besittings. Daarby saam ook een van die moeilikste dinge om reg te bestuur.

Mense sê altyd: “Ek gaan nog tyd spandeer aan my verhouding met die Here” of “Ek sal nog by die kerk van Jesus betrokke raak”, of “Eendag wil ek nog die evangelie uitdra aan die verlore nes rondom my”, maar hierdie gebod en sy rentmeesterlike karakter roep na jou en sê: Nou is die beste tyd!

'n Mens moet nie jou gawes verkwis nie. Die Here beveel ons om dit wat Hy vir ons gee, reg, rentmeesterlik en betroubaar te bestuur; aan die voorpunt daarvan ons tyd, dit wat ons nie weet hoeveel ons het nie, om baie daarvan te belê in ons verhouding met God en werk in sy koninkryk, alles tot eer van sy Naam.

Wil jy aktief in jou verhouding met God leef, werk in sy koninkryk en Hom eer in die manier waarop jy die gawes wat Hy jou gee bestuur? Die beste tyd om te begin, is NOU!

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. RJ (Rynhardt) Pretorius (Buffeldoorns)